

Voorbidding:



GEROEP GEWILLIG GESTUUR

Wêreld: Karibiese Eilande. Slagoffers van terreur en geweld regoor die wêreld. Die Midde-Oosterse onstabiliteit en oorlog, die uitkring-effek daarvan op die res van die wêreld en die slagoffers weens aanvalle en teenaanvalle. Die beëindiging van die oorlog in Oekraïne en die slagoffers van beide Rusland en Oekraïne. Slagoffers van natuurrampe regoor die wêreld. Planne en wêreldwye samewerking om aardverwarming se pas te vertraag en moontlik om te keer, asook om plastiekbesoedeling te bekamp.

RSA & Dorp: Wet en Orde - polisie en beskermingsdienste, veiligheidswagte, misdadigers en slagoffers. Al die uitdagings waarmee ons land sukkel in basiese onderwys sowel as verdere opleiding. Oplossings vir die hoë misdaadsyfers, veral misdade teen onskuldige kinders en kwesbares. Bendegeweld, taxigeweld en slagoffers en gevolge daarvan in gemeenskappe. Hoop vir mense in gemeenskappe wat onder erge droogte gebuk gaan. Oplossings vir ons land se energie-krisis asook water- en sanitasie uitdagings. Politieke stabiliteit in ons land en wysheid en samewerking in die regering van eenheid. Die provinsiale verkiesing in November. Deurbraak in die ondersoek na die vrouemoorde aan die Oos-Rand en ondersteuning aan die slagoffers se geliefdes.

Gemeente & Kerk: Lidmate wat treur, siek en verswak is en diegene onder behandeling en aan die herstel. Dankbaarheid vir God se sorg. Gehoorsaamheid aan ons missie: Geroep, Gewillig, Gestuur. 'n Geseënde vierde kwartaal vir gesinne in 'n besige tyd van die jaar. Ons Matrieks wat besig is met hul laaste skool eksamen.

Baie geluk aan die volgende lidmate wat vandag verjaar: Leonie du Plessis (Paradyskloof Villas) en Alida Engelbrecht (Affodilstraat, Brackenfell).

Sonderbriekers draai briek aan op 5 November

Alle Sonderbriekers word uitgenooi om briek aan te draai en die jaar saam af te sluit met mooi musiek, nostalgie en feestelike Kersfeespoedings.

Wanneer? Donderdag, 5 Nov 10:30 vir 11:00

Waar? By die kerk

Wat om saam te bring? 'n 80/85 g sjokolade

Sit jou naam op die lys by die kerkkantoor en

kom kuier vir oulaas saam voordat ons die

2026-handrem optrek!



Hier herwin ons alles! In die vierkant by die houters, waar ons papier en glas herwin vir Huis Horison, is daar houters vir elektroniese en elektriese toerusting, asook vir energie-besparende gloeilampe, batterye en ou selfone. Jy kan selfs drukkers en ander rekenaartoerusting wat stukkend is, of elektroniese speelgoed met batterye

in, bring. Dan kan jy ook klere, beddegoed, handdoeke en lappe (in 'n goeie toestand) bring, skoon joghurthouters (en ander skoon kosverpakings waarin Voedingsaksie kos kan bedien) en ook huishoudelike items in 'n goeie toestand wat op die Wit Olifante Tafel verkoop kan word of aan die ACVV se winkel, Ampe Veniet, geskenk kan word. Sporttoerusting en boeke is ook welkom.

WEEKBLAD VAN DIE NG GEMEENTE STELLENBOSCH-WELGELEGEN

WELWEEK

Christus is die Here!

Daarom wil ons mekaar in verhoudinge opbou
Om so sy groot opdrag uit te leef.



25 Oktober 2026

Koninkrykstyf

Hervormingsfees & Nagmaal

Jaartema:
SORG

Erediens & Kategese 09:30

Prediker Monty Sahd

Tema Die Hervorming, 'n kraan en brood en wyn!

Teks Kolossense 1:3-12

Kategese-samevatting 10:30 - in die kerkzaal

Koinonia Kafee 10:30 - kuier verder saam in die vierkant

Kerkbiblioteek 10:30 - neem boeke uit by ons biblioteek in die vierkant

Tienerybeenkoms 18:00 - tieners ontmoet Elzanne in die leeskamer

Ons het weer vars bloubessies (R80 per kg of R40 per 500 g), asook kerriewors, patties, kerrievarksosaties en boerewors te koop gedurende kantoorure by die kerkkantoor. Hier is ook droëvrugte, heuning en aarbeikonfyt. Kom koop en ondersteun so steeds ons Lentefeefonds.



Blommeranskickers en Teeskickers vir 2027

Gedurende die kerkjaar word ons weekliks bederf met die mooiste blomme in die kerk. 'n Handjievol gemeentelede is deel van hierdie bediening. Indien jy voel dat jy hier betrokke wil raak, kontak asseblief vir Yvette Albertse by 021 886 5975 of stuur 'n e-pos na ontvangs@stelwel.co.za. Indien jy graag op Sondae by ons Koinonia Kafee wil help en met jou gasvryheid mense só wil bedien, skakel vir Christelle Otto by 021 886 5975 of stuur 'n e-pos na skriba@stelwel.co.za om jou naam op die lys te sit.



Kom drink 'n koppie tee of koffie by ons Koinonia kafee in die vierkant ná die erediens en kuier nog 'n bietjie saam! Dankie aan die skinkers!

Ons kantoorure is: Maandae - Vrydae van 08:00 tot 13:00

PROGRAM VIR DIE VOLGENDE WEEK: MAANDAG 26/10 TOT SONDAG 01/11

Ma 26/10		US-eksamen begin
Di 27/10	13:00	Laat weet of jy Donderdagaand se gespreksaand gaan bywoon.
Wo 28/10	13:00	Geloofsgroei Byeenkoms (konsistorie): Almal is welkom! Ons kuier na die tyd verder in die vierkant.
Do 29/10	09:30 - 10:30	Gespreksaand: "Connection the Dots" - Dr. Marthie Momberg lei die gesprek in die leeskamer.
So 01/11	09:30 10:30 18:00 18:00	Koninkrykstyl & Graad 7-Sondag Erediens & Kategese: Elzanne van der Westhuizen Koinonia Kafee: kuier saam in die vierkant Tienerbyeenkoms: ontmoet Elzanne in die leeskamer Nagmaal by Bonheur: Danie Goosen



Die deuroffer vandag gaan aan Utopia Tehuis vir Bejaardes: 'n Inwoner van Utopia skryf: 'By Utopia sien mens hoe ander omgee vir mekaar en help waar hulle kan. Die personeel is vriendelik en hulpvaardig. Die stemming in Utopia is meer soos dié van 'n huis.' Meer inligting is beskikbaar by utopiastb@telkomsa.net.



Oktober se Barmhartigheidstema is Bejaardes en Siekes.

Ons begin ook met ons Kersprojek.

Ons samel gedurende Oktober toiletware, grootmensdoeke en handdoeke in vir Geluksoord. Die deuroffers gaan gedurende Oktober aan Geluksoord, Hospitaalbearbeiding, Stellenbosch Hospice en Utopia Tehuis vir Bejaardes.



Betaal met SNAPSCAN
Onthou om 'n verwysing in te tik



Die deuroffer verlede week aan Stellenbosch Hospice was R2 552-50. **Baie dankie!** Volgende week se deuroffer gaan aan Sinodale Kinderhuise.

Bankbesonderhede
Stellenbosch-Welgelegen NG Kerk (Nedbank)
Takno: 149 821 / 198 765 Rekno: 149 8046 320

NG Gemeente Stellenbosch-Welgelegen
Telefoon: 021 886 5975
E-pos: skriba@stelwel.co.za

Kersprojek 2026



Met ons Kersprojek fokus ons daarop om hoop te bring deur voedselverligting, liefde uit te deel deur dit wat ons gee en dankie te sê vir versorgers en personeel wat getrou hul werk doen. Bestudeer die meegaande pamflet vir inligting oor al die instansies wat ons vanjaar ondersteun en die produkte wat jy kan skenk. Om dit vir jou makliker te maak, is daar 'n ekstra inkopielys saamgestel en beskikbaar in hierdie pamflet. Ekstras is op die B-Aksie tafel beskikbaar en gedurende die week in die kerkkantoor. Alle inligting is ook op die webwerf. Hou elke week hierdie ruimte dop vir nuus en idees oor hoe jy kan help en betrokke kan wees.

GESPRESAAND

'CONNECTING THE DOTS' Palestina en Israel: 'n breër perspektief

DONDERDAG 29 OKTOBER 2026
GENIET 'N GLAS WYN VANAF 18:00
PROGRAM BEGIN OM 18:30

Kom luister en gesels saam oor waarom die saak verbind is aan ander agendas en wêreldkwessies.

Hoe raak dit ons? Is daar oplossings?

Dr. Marthie Momberg is die spreker.

Almal is welkom!

RSVP: 27 Okt by skriba@stelwel.co.za of 021 886 5975

**DIE GEMEENTE HET 'N
NUWE WHATSAPP
NOMMER**

072 462 1656

**STUUR JOU
NAAM EN VAN
VIA WHATSAPP
NA ONS
NOMMER
HIERBO EN ONS
VOEG JOU BY
DIE GROEP!**

Pastorale versorging in ons gemeente

Indien jy huisbesoek verlang, skakel asb enige van die leraars (Danie Goosen: 079 525 3624 of Elzanne van der Westhuizen: 074 144 9226) of die kerkkantoor (021 886 5975). Indien jy siek is of in die hospitaal is en besoek verlang, laat weet asseblief onverwyld die kerkkantoor. Jy kan ook jou wyk se dienswerker laat weet.
Ons onthou altyd ons visie se woorde – om mekaar in verhoudinge op te bou – ons wil graag sorg dra vir mekaar!



Huisgeloofblad vir gesinne - Gesinne wat 'n hulpmiddel soek om tuis saam te lees, gesels, doen en bid, is welkom om 'n Huisgeloofblad af te laai van ons webwerf (www.stelwel.co.za) of die DinkJeug-webwerf (www.dinkjeug.co.za), of kry die skakel in ons E-Nuus. Sondae is daar ook kopieë by die hoofingang beskikbaar om te neem.